

Die ontvangs van 'n Nederlandse roman deur Afrikaanssprekende lesers met spesifieke verwysing na *Het woeden der gehele wereld* van Maarten 't Hart

1 *Inleidend*

Die vraag wat in hierdie artikel gestel word, is tweeledig, naamlik:

- lees Afrikaanssprekende lesers Nederlandse romans?
- indien wel, watter moontlike resepsieprobleme sal daar wees met die lees van Nederlandse romans?

Die antwoord op die eerste vraag is taamlik eenvoudig. Afrikaanssprekende lesers lees slegs by die hoogste uitsondering Nederlandse romans. Hierdie toestand van sake is miskien nie so anders as wat dit twintig jaar gelede was nie, maar om verskeie redes is die vraag deesdae weer relevant. Met die Nederlandse wêreld wat weer vir Suid-Afrikaners oop lê en toenadering wat opnuut tussen Nederland en Suid-Afrika gesoek en gevind word, wonder mens, hoe lewendig is die Nederlandse taal en kultuur nog in Suid-Afrika?

Suid-Afrika het in die loop van die afgelope twintig jaar al hoe meer geïsoleerd geraak van Nederland. Nie alleen was Nederlandse tekste feitlik onverkrygbaar nie, maar Afrikaanssprekende lesers en akademici het hulle toenemend toegespits op die wêreld van die Afrikaanse literatuur. As Afrikaanssprekendes weer sou begin om Nederlandse romans te lees, kan mens wel vra of daar enige noemenswaardige probleme tydens die lees van so 'n teks sou opduik.

II *Afrikaanssprekendes lees nie Nederlands nie*

Motivering is nodig vir die stelling dat Afrikaanssprekendes heel weinig indien enige Nederlandse romans lees. Navrae by twee belangrike boekwinkels in Pretoria, Van Schaik Boekhandel en Exclusive Books, het die volgende getoon: Van Schaik Boekhandel hou slegs voorgeskrewe Nederlandse tekste aan en Exclusive Books het geen Nederlandse tekste nie, maar sal wel op aanvraag bestel. Die Stadsbiblioteek in Pretoria koop reeds vir jare geen Nederlandse (in der waarheid geen Europese) tekste aan nie en is heeltemal afhanklik van skenkings. Alhoewel Nederlandse romans taamlik gereeld deur die biblioteek uitgeleen word (gemiddeld sowat 168 romans per maand), is die lesers volgens 'n bibliotekaresse feitlik sonder uitsondering Nederlandssprekendes. Daar is geen resente romans in die biblioteek beskikbaar nie en die name van skrywers soos Hermans, Mulisch, Reve (die "drie grotes"), 't Hart en Van der Heijden ontbreek in die outeurskatalogus. Behalwe vir voorgeskrewe romans is Nederlandse romans dus nie vir die algemene publiek

beskikbaar nie en daar is blykbaar ook geen vraag daarna nie. Om te sê dat die enigste Afrikaanssprekendes wat nog Nederlands lees (akademici uitgesonder) studente in Afrikaans of Afrikaans-Nederlands is en dat hierdie studente ook nie 'n Nederlandse roman na hulle studietyd opneem nie, lyk dus na 'n geldige aanname om te maak. Hierdie afwesigheid van 'n Nederlandse leeskuultuur (as mens dit so kan noem) in Suid-Afrika word in Afrikaanse tydskrifte en koerante weerspieël. Geen resensies oor Nederlandse romans word geplaas nie en daar is baie min inligting oor die Nederlandse literêre wêreld te kry.

Dit is miskien 'n bietjie kras gestel om te sê dat daar by Afrikaanssprekende *lesers*, dit wil sê mense wat wel lees, 'n duidelike gebrek aan belangstelling in die Nederlandse roman, miskien selfs in die Nederlandse taal self is, maar mens kan met redelike sekerheid sê dat Nederlands maar taamlik min gelees word. Waarom sou dit wees? Die historiese band tussen Afrikaans en Nederlands word nog in so 'n mate erken dat Nederlands aan die meeste universiteite 'n belangrike onderdeel vorm van die voorgraadse Afrikaanskursusse. Ten spyte hiervan behou afgestudeerde studente nie 'n lewendige belangstelling in Nederlands nie en heers daar by die algemene publiek onkunde en selfs apatie. Daar is meer as een rede hiervoor.

Die eerste is miskien die belangrikste. Navrae by verskeie lesers het getoon dat Nederlands vir die meeste Afrikaanssprekendes 'n vreemde taal is, wat amper dieselfde inspanning as 'n taal soos Duits verg om te lees. Die onderrig wat daar nog wel in Nederlands is (dit wil sê op skool), is duidelik nie genoegsaam daarop gerig om die algemene verstaanbaarheid van die taal te verbeter nie. Onnodig om te sê, gesproke Nederlands word doodgewoon nie in Suid-Afrika gehoor nie.

Die tweede rede het te make met die politiek. Die afgelope paar jaar is daar 'n groot verandering te bespeur in die houding van Nederlanders teenoor Afrikaans en Suid-Afrika. Die jare van die kulturele boikot het egter nie verbygegaan sonder om 'n letsel te laat op Nederlands self nie. Afrikaanssprekendes het veral in dié tyd emosioneel afstand geneem van Nederlands. Die vroeëre opvatting dat Nederlands ons venster op Europa is, geld vandag vir die meeste lesers nie meer nie. Engelse vertalings van die belangrike Europese literêre werke bied nou dié uitsig. Die debat wat in die tagtigerjare in die koerante gevoer is oor die posisie van Nederlands aan ons universiteite – sommige het gevoel dit is 'n posisie wat Nederlands ten koste van Afrikaans inneem – is miskien tekenend van hierdie veranderde gevoel jeens Nederlanders.

Derdens is dit ook so dat Engels vanweë sy magposisie in die wêreld so 'n belangrike rol vervul in Suid-Afrika dat kleiner tale soos Nederlands moeilik kan kompeteer, veral as daar in ag geneem word dat Engels en die Engelstalige wêreld vir ons deesdae beslis minder vreemd is as Nederlands en die Nederlandse wêreld.

Die gevolgtrekking waartoe daar gekom word, is dat daar 'n grootskeepse bemarkingsveldtog van stapel gestuur sal moet word om enige belangstelling in Nederlands (wat wyer as die universiteite strek) weer wakker te maak. Die beskikbaarstelling van Nederlandse tekste sal hier die grootste aandag moet geniet.

III Die ontvangs van 'n Nederlandse teks deur Afrikaanssprekende lesers

As vertrekpunt word die volgende aanname aanvaar: 'n Afrikaanssprekende leser sal noodwendig 'n Nederlandse teks anders ontvang as 'n Nederlander, en nie net anders nie, maar tydens die leesaksie sal eiesoortige probleme opduik. Watter resepsieprobleme sou die gewone Afrikaanssprekende leser met die lees van 'n Nederlandse roman ondervind? Hierdie vraag kan, in die lig van die voorgaande, nie anders as hipoteties benader word nie. Daar is doodgewoon te min lesers van Nederlandse tekste buite die universiteite vir 'n empiriese ondersoek.

1 Profiel van 'n “gewone” leser

Die leser wat in hierdie artikel voor die oë gehou word, is nie in die eerste plek die student wat met taamlike intensiewe begeleiding van 'n dosent en verklarende grammatika- en woordverklarende aantekeninge die roman opneem nie. Let wel, dit is iemand wat gereeld lees – Afrikaanse en/of Engelse tekste. Dit is 'n leser wat met die kennis wat sy of hy het van Nederlands – 'n kennis wat miskien 'n hele aantal jare tevore opgedoen is – na die roman gaan. Hierdie hipotetiese leser het nog genoeg belangstelling in Nederlands om 'n Nederlandse roman te wil lees en dra miskien selfs (maar nie noodwendig nie) kennis van ander Nederlandse tekste.

2 *Het woeden der gehele wereld*

Die roman *Het woeden der gehele wereld* is om die volgende redes gekies:

- (i) Dit is 'n nuwe roman wat in 1993 verskyn het en nog nie deur kenners aan moontlike lesers “verduidelik” is nie. Dit sal voorts interessant wees om te probeer vasstel of so 'n nuwe roman enige bepaalde resepsieprobleme inhou.
- (ii) Die outeur, Maarten 't Hart, is een van die gewildste “ernstige” skrywers in Nederland en miskien ook nie onbekend in Suid-Afrika nie. 'n Vorige roman van 't Hart, *Een vlucht regenwulpen*, het in die Literatuur van die Lae Lande reeks verskyn en is waarskynlik deur 'n aantal lesers ter hand geneem.
- (iii) Die roman word op die flapteks beskryf as 'n speurroman, 'n “thriller”, 'n tradisionele roman. Dit is nie 'n ontoeganklike teks wat sy inhoud en struktuur, verteltegniek, tydshantering en dergelike meer betref nie en vereis nie dat 'n leser in die jongste literêre teorieë onderlê moet wees nie. Enige resepsieprobleme wat daar wel mag wees, lê dus nie aan die struktuur van die roman ten grondslag nie.

3 'n Paar begrippe

Volgens Segers (1978: 26) is daar drie begrippe in die kommunikasieproses tussen teks en leser wat van belang is, nl. *verwagtingshorison*, *kode* en *sekondêre modelvormende sisteem*.

'n Leser se verwagtingshorison word gekonstrueer op basis van drie faktore (Segers 1976: 11):

- (i) die norme van die *genre* waartoe die teks behoort
- (ii) die implisiete relasies met reeds gelese tekste uit dieselfde literer-historiese periode
- (iii) die teenstelling fiksie-werklikheid; wat impliseer dat 'n leser 'n nuwe teks sowel "literêr" as met inagneming van sy eie lewenservaring kan waarneem.

Een of meer van hierdie faktore word geaktiveer sodra die leesproses begin en help die leser ten slotte om die teks te ontsyfer, veral as *litére* teks (Segers 1976: 27). Hoe sal hierdie faktore die resepsie van *Het woeden der gehele wereld* deur Afrikaanssprekende lesers beïnvloed? Die genre, naamlik dié van die roman en meer spesifiek die speurroman, is by alle lesers bekend genoem. Die tweede faktor, wat te make het met reeds gelese tekste uit dieselfde literêr-historiese periode, kan wel implikasies hê vir die Afrikaanssprekende leser se verwagtinghorison wat 'n Nederlandse teks betref. As dit inderdaad so is dat heel weinig Nederlandse tekste deur Afrikaanssprekendes gelees word, sal so 'n leser se verwagtingshorison natuurlik taamlik "oop" wees wat 'n Nederlandse teks betref – sy of hy sal nie presies weet wat om te verwag nie. Aangesien ons hipotetiese leser egter taamlik goed op hoogte is met Afrikaanse en Engelse tekste uit dieselfde literêr-historiese periode, sal enige kennis waaroor sy of hy reeds beskik gou geaktiveer word. Die laaste faktor is ook iets waarmee lesers nie probleme het nie en wat nie 'n unieke rol behoort te speel by 'n Nederlandse teks (asof in teenstelling tot tekste uit ander tale) nie.

Kode word deur Segers gedefinieer as 'n primêre sisteem van tekens wat inligting tussen die sender en ontvanger oordra (1976: 28). 'n Leser lees 'n literêre teks met twee fundamenteel verskillende kodes, naamlik 'n sosiokulturelekode en 'n literêre kode. Met die literêre kode sal Afrikaanssprekende lesers geen probleme hê nie. Mens kan aanneem dat lesers goed genoeg onderlê is in die hele leesproses om 'n roman soos *Het woeden der gehele wereld* literêr te kan interpreteer. Die sosiokulturele kode is egter 'n ander saak. Die taal waarin die teks geskryf is, vorm die belangrikste onderdeel van hierdie kode en dit is hier waar die grootste resepsieprobleme vir 'n Afrikaanssprekende leser skuilhou. Aan hierdie aspek word daar dan ook uitvoerig aandag geskenk in paragraaf 4.

Ook wat die laaste begrip, die sekondêre modelvormende sisteem betref, word geen besondere resepsieprobleme vir die Afrikaanssprekende leser voorsien nie. Literatuur is 'n sekondêre modelvormende sisteem, dit is 'n sisteem wat 'n natuurlike taal as basis het, maar aanvullend ook 'n ideologiese, estetiese of artistieke struktuur besit (Segers 1976: 30). Literatuur beskik dus oor 'n eie "taal" – 'n taal wat enige leser deur sy omgang met tekste, uit watter natuurlike taal dan ook, leer ken en hoe meer hy of sy lees, hoe meer beheers. Met kennis van hierdie sisteem kan 'n Afrikaanssprekende leser ook 'n "vreemde" teks soos *Het woeden der gehele wereld* dekodeer.

4 Die sosiokulturele kode

Die leser se beheersing van die sosiokulturele kode van die teks speel waarskynlik die belangrikste rol in die resepsie van die teks. Dit is hierdie kode wat die eerste laag – wat sê die teks, wat deel hy mee – aan die leser blootlê. Sonder hierdie primêre inligting gaan geen leser verdere insig in 'n teks verkry nie. Die belangrikste onderdeel van die sosiokulturele kode is die taal van die teks. 'n Leser se beheersing van hierdie taal is dus van groot belang. Ander aspekte van die sosiokulturele kode sluit sake soos die kulturele, historiese en geografiese agtergrond waarteen die teks sig afspeel, in. Hoe onbekender dié aspekte van die kode, hoe groter die afstand tussen die teks en leser wat oorbrug moet word. Vervolgens word sekere aspekte van hierdie afstand wat ter sprake is in *Het woeden der gehele wereld* van nader belig.

(i) Die outeur

Kennis van die outeur en die posisie wat hy beklee in die wêreld waarin die teks ontstaan, vorm deel van die sosiokulturele kode.

Maarten 't Hart is 'n skrywer wat 'n belangrike posisie inneem in die Nederlandse literêre wêreld. Meer as twee miljoen eksemplare van sy boeke is reeds verkoop, dit is meer as wat enige ander ernstige skrywer (want 't Hart is wel 'n “ernstige” skrywer) in Nederland kan sê. Sulke syfers is natuurlik vir Afrikaanssprekendes ongehoord en kennis hiervan moet noodwendig bydra tot die manier waarop so 'n skrywer se werk benader en ontvang word. Op sy minste sorg dit vir groter belangstelling in die nuutste werk van so 'n skrywer en die instelling waarmee lesers die werk sal benader. Sulke kennis sou myns insiens Afrikaanssprekende lesers prikkel tot die lees van die teks en die moontlike bespreking daarvan in leeskringe, wat die werk dadelik meer toeganklik sal maak, verstaansprobleme tot 'n groot mate behoort op te los en in die algemeen groter betrokkenheid by Nederlandse romans tot gevolg behoort te hê.

Daar is ander inligting in verband met die outeur wat in Suid-Afrika grootliks ontbreek. 't Hart is in Nederland ook bekend vanweë 'n televisiegeselsprogram en onderhoude met hom verskyn gereeld in dagblaai en tydskrifte. Outobiografiese gegewens in verband met die skrywer is ook volop, soos sy streng gereformeerde jeugjare, die feit dat hy getroud is, oor 'n uitgebreide versameling klassieke (en geen ander nie) musiek beskik en graag in vroueklere gekleed gaan. Hierdie kennis is nie deel van die kode van 'n Afrikaanssprekende leser nie, wat sekere implikasies het vir die manier waarop die nuutste werk van so 'n skrywer ontvang sal word. Die belangrikste implikasie is waarskynlik dat enige afwagting of herkenning van outobiografiese gegewens in die teks (indien enige) ontbreek, dat enige afwyking van vorige romans nie raakgesien word nie en dat dit miskien die uiteindelijke plesier wat 'n leser aan die roman het, kan beïnvloed. As inligting in verband met die outeur volledig ontbreek (en die waarskynlikheid is groot dat dit wel die geval is in Suid-Afrika) hoef dit nie noodwendig tot ernstige resepsieprobleme te lei nie, maar dit kan wel 'n invloed op die leeservaring hê.

(ii) Ander tekste van die outeur

Wat as teenwig vir 'n gebrek aan kennis in verband met die outeur kan dien, is die moontlike bekendheid van 'n ander roman van 't Hart in Suid-Afrika, die reeds gemelde *Een vlucht regenwulpen*. Lesers van dié roman sal miskien bekende temas in *Het woeden der gehele wereld* verwag en herken, soos die streng gereformeerde agtergrond van die hoofkarakter, sy liefde vir musiek, die angsgevoelens waardeur hy geteister word; kortom die aanwesigheid van outobiografiese gegewens uit die lewe van 't Hart self. Belangrike afwysings van dié temas word ook in *Het woeden der gehele wereld* aangetref. Die verbitterde obsessie met die gereformeerde kerk wat so belangrik is in *Een vlucht regenwulpen*, ontbreek in *Het woeden der gehele wereld*. In die plek daarvan word met baie humor na die geloofslewe van die karakters in die roman gekyk. Vir enige leser van 't Hart is dit nogal 'n opvallende verskil met sy vorige romans. Selfs as 'n leser egter nie kennis dra van *Een vlucht regenwulpen* nie, sal sy of hy nog veel plesier aan die uitbeelding van die kerk in *Het woeden der gehele wereld* kan hê.

Ten slotte meen ek tog dat die gebrek aan kennis van ander tekste, met al die outobiografiese gegewens daarin vervat, nie die resepsie van *Het woeden der gehele wereld* deur Afrikaanssprekende lesers in so 'n mate sal beïnvloed dat dit tot die totale misverstaan van die teks sal lei nie.

(iii) Versuiling en die wêreld van die kerk

Versuiling is 'n bekende begrip in Nederland. Dit is egter nie iets waarvan Afrikaanssprekendes oor die algemeen enige kennis dra nie. Volgens Van Dale is *versuiling* "het verschijnsel dat een maatschappij uiteenvalt in scherp gescheiden kerkelijk-politieke belangengroepen, welke scheiding zich in alle facetten van het maatschappelijk leven doet gelden".

Maarten 't Hart se oeuvre kan beskou word as 'n poging om sy eie versuilde verlede op te roep en te besweer. In *Het woeden der gehele wereld* kry die leser tog die idee dat hierdie helingsproses, as mens dit so kan noem, voltrek is. Die hoofkarakter, Alexander Goudveyl, beskryf sy jeugjare in 'n hoë mate asof hy daarbuite staan. In 'n sin is hy in der waarheid daarbuite, het hy inderdaad ontstyg aan die beklemmende wêreld van sy ouers en het Hoofd, die hawestadjie waar die verhaal afspeel, en is die skryf van sy verhaal die finale beswering daarvan. Alexander word nie in die eerste plek gedryf deur die bekrompenheid van sy opvoeding nie, maar deur die onopgeloste moord waarvan hy getuie was en die vrees dat God ook "zocht hem te dooden" (24); 'n vrees wat wel direk gekoppel kan word aan die manier waarop hy die godsdienste belee. Die manier waarop die versuiling van die vyftigerjare in Nederland beskryf word en klaarblyklik ervaar is (nie net deur 't Hart self nie), is as 'n oordrewe en selfs huigelagtige vroomheid in die kerk, 'n Calvinisme waarin slegs die sonde en die straf van die sonde beklemtoon is.

Soos reeds gesê, word daar nie op hierdie aspek van die kerk soveel klem gelê as in 't Hart se vorige romans nie. Die versuiling is wel duidelik te sien in die

hoeveelheid kerkgenootskappe wat daar in en om het Hoofd te vinde is. Daar is die hervormde kerk, die gereformeerde kerk, die Christelik gereformeerde kerk, die Roomse kerk en die Heilsleër – tot die verdriet van Alexander Goudveyl se pa egter geen hersteld evangelies Lutherse kerk nie! Die karakters het sterk geloofsoortuiging. So sê een op 'n keer aan Alexander... “Als jullie thuis bloedworst eten (...) dan zijn jullie, het spijt mij dat ek het zeggen moet, geen goede christenmense” (28). Die doen en late van die kerk sorg vir van die snaakste dele in die roman en hieraan kan 'n Afrikaanssprekende leser, met of sonder kennis van die hele versuilingsproses, myns insiens net soveel plesier hê. 'n Gebeurtenis wat belangrik is vir die verhaalloop, die Kruishoop (die onopgeloste moord wat Alexander se hele verdere lewe sou beïnvloed, vind tydens dié evangelisasiekampanje plaas), word só beskryf by monde van een van die ouderlinge wat daaraan deelneem, ene Koevoet: “ ‘Als 't te moeilijk voor je is om meteen bij het Gruis (*sic*) te beginnen, begin bij de Schelfzee. Vandaar steek je meteen door naar Golgotha. Kijk, geen mens hier op 't Hoofd die de watersnood vergeten is. Ze weten allemaal nog dat ze hier kletsnate voeten gekregen hebben. Dus als je begint te smoezen over de Schelfzee, en over een hoop water, en over het Volk Gods dat droogvoets daardoor geleid werden, ben je op bekend terrein. Nou vandaar is het maar één stapje naar...’ ‘Het Kruis’, zei Everaarts” (53).

Alhoewel die verwysingswêreld van die roman nie 'n aan ons bekende samelewing weerspieël nie, hou dit tog ook nie enige noemenswaardige resepsieprobleme in nie. Daarvoor kan daar te veel trekke van die stereotipe Afrikaner (wat aan Afrikaanssprekende lesers natuurlik goed bekend is) in die uiters godsdienstige karakters van 't Hoofd herken word.

(iv) Geografiese milieu

Die Nederlandse landskap en stede is natuurlik aan Suid-Afrikaners onbekend. Aangesien die geografiese milieu egter net daar is om agtergrond vir die teks te verskaf, lewer dit geen resepsieprobleme op nie. Feite soos dat die see en hawens 'n belangrike rol speel in Nederland – feite wat wel van belang is vir die verhaal – is so bekend aan Afrikaanssprekendes dat dit skaars genoem hoef te word.

(v) Historiese agtergrond

Die verhaal speel hoofsaaklik af in die vroeë vyftigerjare, die jare net na die Tweede Wêreldoorlog. Die oorlog is trouens een van die medespelers in die verhaal. Weer eens is dit vir 'n Afrikaanssprekende leser 'n uitbreiding van sy kennis van hierdie veelbewoë tyd – en vir 'n verandering gesien deur ander oë as dié van Amerikaners of Britte – maar dit sorg nie vir enige onverstaanbaarhede in die teks nie. Ook hier is daar weliswaar 'n sekere afstand tussen teks en leser, maar nie 'n afstand wat nie deur die leesdaad oorbrug (kan) word nie. Wat dit presies beteken om te sê dat iemand “fout” was in die oorlog, is miskien nie vir 'n Suid-Afrikaanse leser honderd persent duidelik nie, maar totaal onverstaanbaar tog ook nie.

Die bogenoemde aspekte wat ter sprake kom in die roman is miskien tekenend van 'n ander wêreld as die Suid-Afrikaanse en daarom vreemd, maar dit behoort nie die ontvangs van die teks te beïnvloed nie. Dit is juis 'n kenmerk van 'n goeie teks dat hy daarin slaag om 'n wêreld in woorde tot stand te bring en 'n kenmerk van 'n goeie leser dat hy meespeel in die kreatiewe daad wat lees is.

(vi) Die primêre sosiokulturele kode: die taal self

Hoe beter 'n leser die taal van die teks beheers, hoe beter kan hy of sy die teks dekodeer. Dit is 'n vanselfsprekende waarheid, maar dit is juis hier waar Afrikaanssprekende lesers die grootste struikelblok ervaar. Vir die Afrikaanse leser wat miskien op skool 'n teks of twee in Nederlands gelees het, lewer die Nederlandse woordeskat en grammatika soveel probleme op dat 'n teks feitlik verstaanbaarheid inboet. In bykans elke sin word die leser gedwing om 'n woordeboek te gebruik of lewer die Nederlandse grammatika sekere probleme op. Die lees van 'n Nederlandse teks verg enorme inspanning van dié lesers wat nie uiters gekonfyt in die Nederlandse taal is nie. Sulke lesers sê dan ook onomwonde dat hulle Nederlands doodgewoon te moeilik vind. (Persoonlike mededeling deur verskeie Afrikaanssprekendes.)

'n Aanduiding dat Nederlands as vreemde taal ervaar word, is die uitvoerige aantekeninge en woordverklarings wat gegee word by al die uitgawes in die reeks Literatuur uit die Lae Lande. Die aantekeninge oor die Nederlandse grammatika handel oor die werkwoordsisteem en veral die verledetydsvorme wat onbekend en moeilik vir Afrikaanssprekendes is. Die Nederlandse verhalende prosa wemel van die preteritumvorme en veral die sogenaamde sterk werkwoorde is vreemd. Op die eerste bladsy van *Het woeden ter gehele wereld* kom byvoorbeeld die volgende vorme voor: *vertrok, bevonden, zeiden, vroeg, zag, vergat, besloot, wees, zei*. Al hierdie vorme bestaan nie in Afrikaans nie en vereis 'n (weliswaar elementêre) kennis van Nederlands, waaroor baie Afrikaanssprekers nie meer beskik nie. Woorde wat wisselende grade van vreemdheid vertoon, maar wat ter wille van volledige verstaanbaarheid in 'n woordeboek opgesoek sal moet word, is volop. Op die eerste paar bladsye van die teks kan die volgende aangeteken word: *haringlogger, prikkenbijter, altist, piesen, gepasseerd* (11); *afzakertje, damde, dubbeloffers, bijtrekkertjes, enerverend, reders* (13); *vissen op gul of heek, vaargeul, buitengaats, pikketanussie* (14); *pootlappen, drenzen, smoezen* (16). Woorde wat as gevolg van hulle verwysing vreemd is, kom dikwels voor en alhoewel dit nie streng gesproke nodig is om alle verwysings presies te kan plaas nie, vergemaklik dit tog die leesproses. Verwysings op die eerste paar bladsye van die teks: *Nieuwe Waterweg, Boompjes, de rivier* (die rivier by Rotterdam – watter Afrikaanssprekendes kan dadelik sê watter rivier dit is?), *Tweede Pinksterdag, vlaggetjesdag*. Die verteller verduidelik gelukkig die dialekwoorde wat voorkom eksplisiet, sodat dié aspek van die taalgebruik nie ook taalprobleme veroorsaak nie.

Woorde en uitdrukkings wat nie in Afrikaans voorkom nie, vorm 'n groot deel

van die woordeskat van die teks. Die Nederlands is besonder idiomaties en kleurryk en vertoon groot verskille met Afrikaans. Vergelyk die volgende uittreksels:

“(…) toen die rotmoffen opgesodemierterd waren (…)” (30).

“Nou ga ik even een splinter uit m’n reet trekken” (34).

“(…) hij heeft ook nog naar Antje Tuitel gedaan, ja, want zo een is het er ook nog eens een keer, d’t zit een heel berg vrouwenvlees aan” (122).

“Ze zeggen dat Minderhout met een van z’n daghitjes heb liggen kroelen. En daarom is z’n eigen mokkeltje ervandoor gegaan” (149).

Die Nederlands in hierdie teks is na alle waarskynlikheid dermate ontoeganklik vir die Afrikaanssprekende leser dat dit as die grootste enkele faktor uitgesonder kan word waarom Nederlands nie gelees word nie.

Na my mening (en gesprekke met lesers bevestig die vermoede) is die teks in der waarheid “moelik” vir die gewone Afrikaanssprekende leser. As daar net verby die taalversperring gekom kan word, bied die roman baie aan die leser. Die teks is vol humor – vergelyk byvoorbeeld die hoofstuk oor die Kruishoopkampanje. Die ligter aanslag teenoor die godsdien is ook een van die opvallende verskille tussen dié roman en *Een vlucht regenwulpen*. Die volgende uittreksels gee ’n aanduiding van ’t Hart se styl:

“Vaste kerkelike bijdrage! Ze zijn niet goed snik, hoe durven ze! Als d’r nou iemand is die geen geld nodig heeft, dan God wel. Waar zou Die ’t nou aan moeten uitgeven?” (34)

“(…) ik heb dat Leger des Heils altijd sympathiek gevonden. Maar voor m’n zoons leek het me niks. Moesten die dan in zo’n uniform, met zo’n pet op, op straat gaan lopen toeteren?” (79)

“En ik mag nou zo zoetjesaan hopen dat je daar’t gat van de deur wel niet meer zal weten te vinden.” (149)

IV *Gevolgtrekking*

As gevolg van verskeie faktore, soos die jarelange kulturele boikot en die gepaardgaande gebrek aan volop Nederlandse tekste in Suid-Afrika; die feit dat Nederlands in toenemende mate ’n vreemde taal word en laastens miskien ook ’n werklike gebrek aan belangstelling in die Nederlandse taal en kultuur, toon Afrikaanssprekendes die neiging om ’n groot weerstand te toon teen die lees van Nederlandse tekste. Daar is gepoog om agter te kom watter resepsieprobleme (indien enige) ’n Afrikaanssprekende leser mag ondervind met die lees van ’n Nederlandse teks. ’n Onlangse Nederlandse romanteks, *Het woeden der hele wereld* van Maarten ’t Hart, toon die volgende:

Die grootste resepsieprobleme word met die kode waarin die teks gelewer word, die Nederlandse taal self, ondervind. As lees ook *vertaling* impliseer, is dit hier in die letterlike sin van die woord waar. Lesers wat hulle tydens die leesproses nie aan 'n Afrikaansdepartement aan 'n universiteit bevind nie, maar totaal afhanklik van eie kennis en insig in die Nederlandse taal is, behoort aansienlike probleme te hê met die taal van die teks. Ander aspekte van die roman behoort geen resepsieprobleme op te lewer nie.

As laaste aantekening die volgende: hiermee is die laaste woord nie gespreek nie. Die taalprobleem is natuurlik geen onoorkombare probleem nie. Per slot van sake is Nederlands en Afrikaans nog na genoeg aan mekaar dat aanvanklike verstaansprobleme algaande opgelos behoort te word. Hoe meer Nederlands weer gelees word, hoe makliker sal dit verstaan word. Dit sou jammer wees indien lesers teen die moontlike uitbreiding van hulle leeswêreld sou besluit bloot op grond van die moeilikheidsgraad van 'n Nederlandse teks. Die weerstand wat daar bestaan teen die lees van Nederlands moet eenvoudig weer afgebreek word. Miskien is die tyd nou ryp daarvoor.

Universiteit Vista, Mamelodi

VERWYSINGS

- Geerts, G. en H. Heestermans. 1984. *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal* 1984. Utrecht: Van Dale Lexicografie.
- Segers, R.T. 1978. Grondslagen van de receptie-esthetika. In: Segers (red.) *Receptie-esthetika*. Huis aan de drie grachten.
- Segers, R.T. 1978. Lezer en tekst. Schets van een kommunikatie-proces. In: Segers (red.) *Receptie-esthetika*. Huis aan de drie grachten.
- Segers, R.T. 1978. *Receptie-esthetika*. Huis aan de drie grachten.
- 't Hart, Maarten. 1986. *Een vlucht regenwulpen*. Kaapstad: Academica.
- 't Hart, Maarten. 1993. *Het woeden der gehele wereld*. Amsterdam: Uitgeverij De Arbeiderspers.